

STROOKWOP



AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
DERDE TERMYN 1987



Bestuursraadsvoorsitter neem afskeid

T le Roux

Johannes Abraham Pretorius, gebore in Swartruggens op 7 September 1937. Hy het aan die Hoërskool Rhodion gematrikuleer. In 1960 behaal hy 'n graad in Tandheelkunde (BChD) aan die Universiteit Pretoria en verwerf verskeie medaljes vir akademiese prestasies.

Nadat hy vir meer as twee jaar in Engeland gepraaktiseer het, het hy hom in 'n privaat praktyk in Pretoria gevestig.

In 1978 word hy die eerste persoon wat 'n spesiale graad (MChD) in Periodonsie en Mondgeneeskunde aan UP verwerf en word direk hierna aangestel as professor in en hoof van die Departement Periodonsie en Mondgeneeskunde, 'n pos wat hy steeds beklee. Hy het verskeie wetenskaplike publikasies op sy kerfstok en hy het 44 wetenskaplike referate in sy vakgebied by kursusse en kongresse gelewer. Hy het verskeie oorsese universiteite besoek en kongresse bygewoon.



Prof Hannes Pretorius.

Boodskap

Professor Hannes Pretorius

Tydens my aktiewe verbintenis met Affies as ouer en lid van die Bestuursraad was dit vir my baie aangename en bevoorregte jare. Ek het baie ontwikkelinge waargeneem en mooi dinge verwesenlik gesien.

Affies is steeds in beweging en die hoofde, personeel en seuns was en is altyd 'n toonbeeld van voortreflikheid in hulle strewende om hulle pragtige tradisies voort te dra en altyd beter en hoër te mik. Die erns van die Affies se lewensbeskouing met hulle geloof in ons Skepper en hulle self sal my altyd by bly.

Daar was altyd die opwindende sport en aangename humor wat die

sout-en-peper van die Affie-wêreld is.

Suid-Afrika het julle as Affies in hierdie moeilike tye bitter nodig om sterk en doelgerig met 'n geloof in ons Skepper in die akker van ons kultuur, taal en tradisies te arbeid.

Ek groet, maar sal altyd met groot belangstelling die Afrikaanse Hoër Seunskool se pad vorentoe volg en sal op die pavieloen wees om julle toe te juig!

Bestuursraadsvoorsitter word opgevolg

Mnr Jackie Kruger volg professor Hannes Pretorius op as Bestuursraadsvoorsitter.

en is deels daarvoor verantwoordelik dat nuwe en moderne tegnologie in Periodonsie by die Fakulteit Tandheelkunde geïmplementeer is.

'n Onlangse eer het hom te beurt geval toe die 1987 finale jaar Tandheelkunde studente die Pierre Fouchard-toekening aan hom gemaak het as die beste dosent van hulle kursus!

Hy is tans lid van sewe professionele verenigings en was die voormalige president van die SA-Vereniging van Periodontologie (Noord-Transvaal-tak).

Hy het 'n besondere belang in kerk- en gemeenskapsdiens en was vir etlike jare ouderling. Hy was die afgelope 9 jaar lid van die eertydse Beheerraad, tans Bestuursraad van AHS waarvan 3 jaar as ondervoorsitter en 2 jaar as voorsitter.

Sy stokperdjies en belangstellings is fotografie, buitelewe, tuinmaak, die ongerepte natuur en sport.

Hy is getroud met Ita wat sedert 1983 verbonde is aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool en in 1986 aangestel is as adjunk-hoof. Hulle het 5 seuns wat almal oud-Affies is. Die oudste is Tony, 'n geneesheer, besig met sy internskap, Johan en Juan is albei mediese studente, Emilio is besig met BCom Rek en Albert, tans in st 10, is van plan om Argitektuur te bestudeer.

Professor Pretorius is 'n besonderse mens wat deur sy integriteit en onkreukbare karakter gekenmerk word. Die Afrikaanse Hoër Seunskool neem met 'n swaar hart afskeid van die Bestuursraadslid wat die skool met soveel ywer en opregte meeleving gedien het.

Sy belangstelling in die doen en late van die Affies word opreg waardeer. Op sy stil, dinamiese manier het hy probeer om oral deel van Affies te wees en so ook 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel. Hy sal nog baie lank onthou word vir sy mooi persoon en positiewe bydrae tot Affies se tradisies.



Affiekoor steel weer eens die kalklig

AHMP se koor raak hierdie jaar 'n bekende gesig in elke woonhuis. Behalwe vir die vorige opname is daar op Maandag 14 September 'n opname vir Woord en Lied gemaak wat op Sondag 21 September beelde saai is.

Die koor was reeds om 13h45 gereed om te repeteer. Om 19h00 was die gemeente, bestaande uit Affies en Affie-ouers, reeds op hul pos. Ds. Frans Louw het die diens gelei. Die SAUK-span was ingenome met die gedissiplineerde optrede en alles het sommer seepglad verloop.

Weer eens bewys die Affie-koor wat in hulle steek, en steeds dien ons haar wen!

Prestasiebekroningsaand

Op Dinsdagaand, 20 Oktober, is die jaarlikse prestasiebekroningsaand van die Afrikaanse Hoër Meisieskool gehou. Dit was weer eens 'n spoggeleentheid en een en almal was verstom oor die Affies se prestasies.

Dit is verbasend hoe dieselfde leerlinge jaar na jaar met die pryse wegstap, en moenie glo dat hul gemiddelde daal namate die ouderdom toeneem nie. Dit neig al meer en meer na die honderd.

Maria Botha was weer eens 'n uitblinker en Ma Elize was ook teenwoordig aangesien sy as gasspreekster moes optree.

Dit is egter nie net die akademiese prestasies wat aandag geniet het nie. Prestasies op kulturele gebied is ook erken en bekroon.

Die koor het kleur aan die verrigtinge verleen en die orkes het almal laat regop sit met hul vertolking van die "Panther" (dit wil sê sigbaar en hoorbaar).

Soos tradisie dit wil hê, is die verrigtinge afgesluit met die aan-


wysing van die Onbekende Affie en die sing van die skoollied en volkslied. Almal was weer eens trots om met die Afrikaanse Hoër Meisieskool geassosieer te word.

Brenda Maree.

In Memoriam

Dit is met diepe leedwese dat die skool van die dood, in die operasionele gebied, van een van sy oud-leerlinge, Nico Olivier, verneem het.

Die personeel, leerlinge en oud-leerlinge dink in opregte meegevoel aan sy ouers en familieleden. Nico sal in die Affies se gedagtes voortleef.



Die onbekende Affie

Met die instelling van die Onbekende Affie het juffrou Holtshauzen gepoog om die ware Affie in matriek te bekroon. Die Affie wat altyd haar keppe dra, altyd 'n voorbeeld is vir ander en baie vir haar skool doen en beteken, word bekroon.

Hierdie jaar het die eer om as die Onbekende Affie bekroon te word, Marlie Smith te beurt geval.

Marlie is gebore op 8 November 1969 en kom uit 'n familie van 6. Een

van Marlie se stokperdjies is perdry, 'n stokperdjie waaraan die hele gesin ook deelneem. Marlie neem aan atletiek deel en sy speel ook hokkie. Marlie se gemiddeld vir vakke soos Wiskunde, Skeinat, Biologie en Duits was nog altyd 80%.

Een van die eerste dinge van haar wat 'n mens opval is haar vriendelikeheid. Sy sal werklik 'n goeie ambassadeur vir Affies uitmaak.

Brenda Maree



Marlie Smith

Moeders en dogters kuier saam

Standaard nege beteken net een ding — geldinsameling — en dit beteken weer "aag!". Die st 9's het dit egter vinnig omgeswaai na "a!", met die oorspronklike en genotvolle wyses waarop hulle die sakke geskud het. Een van hierdie geleenthede was die Moeder-dogteroggend gehou op 8 Augustus.

Dit was 'n vonkelborreloggend gelaai met smaaklike eetgoed, prettige sêgoed en modieuse klere. Mnr. Karel Trichardt het as gasspreker

opgetree en op 'n trefende wyse die "volmaakte vrou" geskilder. Verdere vermaak is aangebied in die vorm van 'n modeparade, deur Evita Boutique, en 'n verskeidenheidskonsert deur Tuks se dramagroep. Tussendeur is die gaste deur sprankelende st. 9-dogters met tempterende lekkernye en gebak bedien.

Dit was 'n genotvolle oggend en sy plek in Affies se geskiedenisboeke waardig.

Sally Myburgh



"Oproerige" Affies besig om hul uit te leef.

Ma's drink tee te midde van onluste

Fanie Naudé

Onderwyl oproerige, blanke AHS-leerlinge elders met groteske ysterhamers en stawe 'n motor verpletter het tot 'n stuk skrootwerfstaal, het dié se ouers, sowel as ander minder rebelse jongmense, rustig 'n versnapering in die teetuin geniet.

Die teetuin, wat aan

die oostekant van die saal geleë was, was met die afgelope kermis deurentyd 'n welkome afsaalplek. Tee, koffie en hemelse appeltert is onder rooi-en-wit sonsambrele en op bypassende tafeldoek bedien.

Die verversings is smaaklik deur hardwer-

kende moeders berei, wat ook van die organisasie van die teetuin behartig het en vir die sukses daarvan verantwoordelik was.

Met die afloop van die kermis om sesuur, het die Teetuin die Braaituin geword, sodat die aand se verrigtinge ook daar kon plaasvind.

Vir Pa se oogappel

Wat vaderskap nie kan doen! Mnr Van Huysteen het die Bosveldwinkel ondersteun, al die speelgoed is vir sy mooi meisiekind gekoop.

Kruiwa Grand Prix

15h00. Die skoot klap. Vyf st 9-kruiwaens trek teen 'n verbysterende snelheid uit die goed ingerigte kuipe. Die 1987 Affie Grand Prix het begin.

Reeds vanuit die staan-spoor was dit duidelik dat twee moordende ure op die spanne gewag het. Byna elke minuut moes die kruiwaens by die kuipe verby om 'n nuwe stuurman te kry. Hier by die kuipe moes die res van die spanlede bont staan om seer spiere te smeer, koeldrank en water te voorsien en les bes beskadigde vaartuie te herstel, want glo dit, die hoë snelhede het kruiwa en bestuurder al hoe vinniger begin inhaal.

Onder luide toeujuiging het die manne gesweet, gestoot, gekruin en nogmaals gesweet. Vir sommige het dit gevoel asof die apokaliptiese dag uiteindelik aangebreek het.

Helaas, 17h00 het aangebreek. Die finale skoot het geklap en vyf st 9-spanne het moeg, maar tevrede in die kuipe lafenis gaan soek. Onder die st 9's het die spanne as volg gevaar: Mooiste sierwa st 9E (danksy mnr Deysel); meeste rondtes: st 9E (216); mooiste kuipe st 9C (mnr Venter en sy nege 'sees').

word. Die betrokke aand was die hoeveelhede gelukkig voldoende, en is die skaapvleis, pap en slaai ruimskoots aan die hongerige kermisgangers bedien — die middag se soetighede en etes ten spyte.

Die geselligheid is georganiseer deur mev. Esme du Plessis, Vera de Klerk in samewerking met die Onthaalkomitee en behulpssame moeders, terwyl die braaiwerk deur die bekwaame mnr Coetzee hanteer is.



skaapbraai!

Fanie Naudé

Na 'n uitputtende middag van kruiwaens, eet en koop, is die AHS kermis gesellig afgesluit met 'n skaapbraai.

Van vroegmiddag het menige oë begerig na die vyf blinkbruin, geurige skape oor die kole gedraai. Die voorreg om hierdie heerlikhede te verorber, sou egter slegs beskore wees vir dié wat betyds skaapbraaikaartjies in die hande kon kry.

Na aanvanklik slegs beplan is vir 128 kaartjies en drie braaiskape, was die aanvraag so groot dat daar inderhaas vir byna twee maal soveel mense voorsiening gemaak moes

Kersmis ● Kermis

Standerd sesse verras

Jaco Steenkamp

Stalletjies wat wissel van 'n Sjinese braai tot pannekoek tot die nostalgiese bosveldwinkel, 'n kruiwaresies wat almal se verbeelding gaande gemaak het, 'n smullekker skaapbraai en 'n sokkiejol vir die sosiale sy — dit is Affieland se kermis in 'n paar woorde beskryf — 'n paar woorde wat ook 'n reuse sukses beskryf!

1987 se kermis is met noukeurige beplanning deur elke klas aangepak! Weer eens is bewys dat noukeurige beplanning noodwendig lei tot sukses. Die vennootskap tussen onderwyser, ouer en kind het tot sy reg gekom. Daar is bewys dat die vennootskap nie net kan lei tot sukses nie, maar ook tot hegte verhoudings, veral in die spesifieke groepverhouding.

Tog het die Afrikaner dalk 'n negatiewe konnatasie van "nie-samewerking". Met die Kermis is die teendeel bewys. Veral tussen die seuns het 'n gees van noue samewerking geheers. Die kermis het 'n noue vriendskapsband tussen maat en maat gesluit.


Van st 6 tot 9, met die matrieks as gaste is die skool weer saamgesnoer, as 'n groot eenheid. Die dag, 4 September, sal nog lank onthou word. 'n Dag waarin nie net joligheid, kameraadskap en lewensvreugde ter sprake was nie, maar ook 'n dag waarin Affies bewys het waartoe hy in staat is.

Affies dit was 'n reuse kermis — dit was 'n klinke sukses!

Valskermspring

As groepspringing het die standersesse 'n kompetisie geloods met 'n dia-

mant as eerste prys. Genommerde papierborde is te koop aangebied en moes op die rugbyveld neergesit word. Dit persoon op wie se bord die valskermspringer geland het, is as wenner aangewys. Ook hierdie poging het groot belangstelling en veral nuuskierigheid uitgelok.



Mnr Shepherd het ook die kermis baie geniet.

Die st 8's het hulle deel gedoen!

Louis Herman

Die st 8's se kermispringing het op 'n lae noot afgeskop, toe mnr Poerie van Rooyen, twee dae voor die tyd, al begin "preek" het. Die swak gees en die swak fondsinsamelingspogings met die Kruiwa Grand Prix was die onderwerp. Min het almal geweet dat die st 8's van '87, nie sommer vir enige st 9-klassie terugstaan nie. Nee, hulle het mekaar begin borg, selfs in 1/2-sente. Hulle het mekaar gemotiveer en op die ou end... besluit vir jouself.

Met die kruiwabeoordeling die Vrydagoggend, het 8B darem in die finale gekom met hulle Mexikaanse Volla. 8A se Panser-affère was nie vër agter nie, maar al die bruin kartonne, het hom benadeel. By die stalletjies, het alles goed gegaan, totdat Kragbron Helmut Habuk sy verskyning gemaak het, en by 8D se touklim, sommer eerste met die louere weggestap. 8E se melkstalletjie was heel ge-

slaagd, behalwe vir die feit dat mev May die volgende Maandag, al die oorskot aan die leerlinge wou verkansel — nogal met groot sukses... Ongelukkig het 8C se Roedeobul nooit opgedaag om met sy vertoning voort te gaan nie, maar het hulle spookasemstalletjie 'n paar "ponde" in die sak gebring. 8A se fudge en soetigheidjies het ook gevlieg. Net jammer die rugbybeeldjies was so duur...

Om drie uur het die skoot geklap, en was al wat 'n kleintongetjie is was aan die tril. Die kruiwa Grand Prix! Opgewondenheid het oral geheers. Oral het 'n paar verdwaalde grappe die lig gesien, sonder dat 'n lagspier 'n teenreaksie geloods het. Dan was daar die op-en-wakker manne. 'n Paar het met die "slim Affiemaniër" begin om ouens 'n stortbad, sommer so agter die wa, te gee. Dit was op sommige tye, veral as die ou agter die wa se bene begin knak het. Sommiges het die ouens weer verwens, want na die naweek, was daar 'n lekker gehoes en geproes in die saal en in die klasse van ouens met verkoue.

Die kruiwaens was iets unieks. Een st 8-klas het met 'n lemoenboordkruiwa rondgehol en 'n ander met 'n wiel, twee handvatsels en 'n kartondoos. St 8C het die koek gevat — hulle kruiwa was 'n bedpan, aluminiumpyp en twee stootwaentjiewiele — sommer net reg vir 'n vinnige nood langs die pad. Party seuns het 'n bietjie gees gevang, en sommer so vinnig 'n vleisie gebrui.

Teen vyfuur was alles verby. Tente is afgeslaan en 8A was so verheug oor hulle 239 rondtes, hulle kon dit self nie glo nie. Maar hulle is met 'n arendsoog dopgehou deur 'n ywerige ma wat besluit het om self die rondtes te tel, terwyl pa vir boeties en maat geskreeu het. So het 8A ook die meeste rondtes voltooi en as oorwinnaars uit die stryd getree.

Die kermis van 1987 was 'n reuse sukses. Almal het gehelp en almal het dit geniet.

Standerd sewes vol ywer

Chris Steyn

"Die rugbyveld draai? Kermis hou om fondse in te samel? Ag nee!"

Reaksie van die standerd sewe leerlinge op die voorstel was aanvanklik maar ietwat negatief. Tog is daar later met groot ywer aan die werk gespring om van die Affiekermis op 4 September 'n enorme sukses te maak.

Nissan, Coke, Simba en Men B is almal gewerf as borge vir die kruiwaresies. Met die borgkompetisie het die standerd sewes en neges kop aan kop voorgeloop met die aanvang van die kermis. Om 15h00 spring die kruiwaens onder luide toeujuiging weg.

Entoesiasme verflou

eger 'n bietjie as moegheid begin intree. Ten spyte van lam bene en moeë arms, slaag hulle tog daarin om 'n heel aanvaarbare aantal rondtes af te lê.

Vir die versterking van die innerlike is daar ook voorsiening gemaak en mev Naudé se klas het heerlike warm pannekoek verkoop.

Standerd 7A en 7F het onderskeidelik Coke en soetgoed verkoop.

Dié aand het byna almal vergader om aan die sokkiejol in die AHS saal deel te neem. Die verrigtinge is om plusminus 23h00 op 'n besondere hoë noot afgesluit. Almal het die dag

besonder geniet en sou graag weer in die toekoms só iets wou sien.

Word daar na die tyd vir 'n standerd sewe leerling gevra hoekom hy aanvanklik so negatief was, is die reaksie as volg: "Het nog nooit so iets by die skool gehad nie. Gedink ons gaan ons weer doodwerk". Een en almal het egter saamgestem dat die kermis 'n reuse sukses was.

Al die standerd sewes het pragtig saamgewerk om die kermis die groot sukses te maak wat dit was. Met 'n matriekgroep soos dié in 1990 kan die trotse skool slegs van krag tot krag gaan.

'n Bybel in die hand van elke kind

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het landswyd vir 1987 'n Jeugjaar georganiseer wat saamval met die Jeugjaar van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe. Die dogters van die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria het hulle sakke wyd oopgemaak en daarmee saam, ook hulle harte...

Aansporing en toestemming is van Direkteur van Onderwys, dr. H.P. Bredenkamp, ontvang om die projek in Suid-Afrika deur te voer. In ander lande wend hulle die jaar aan om hul jeug sover te probeer kry

om die Bybel te lees. In Suid-Afrika: " 'n Bybel in die hand van elke kind." Fondse sal dus hoofsaaklik aangewend word vir die druk en verspreiding van Bybels. Elke st. 6-9-dogter het haar bekwaam (of

beskeie) talent hartlik ingespan om deel te neem aan die fondsinsameling. Onder die inspirasie van mev. Pieterse en mej. Vink kon die leerlinge self kies wat hulle wou uitbeeld. Vir 'n aantal weke was k. 69 en 70 deur 'n ou-Bybelse sjarme omgeef. Verbaasde verbygangers het vasgesteek en hulle oopmond vergaap. Daar was tafels met tipiese Israeliese geregte uit die Ou Testament: plat, ongesuurde brode, druiwe, olywe, heuning, melk, rosyne en dadels. (Bybelse leerskoeisel was knus gedruk tussen vroeë ryp granate en 'n paar groen, klipharde vye.) Poppe met modieuse Kanaänitiese drag het elegant rondgesit. Pragtige waterkruike, olielampies en vrugtebakke was trots self vervaardig uit "kosbare" klei. Die tydperk was tydloos, want van die Skeppingsverhaal tot die kruisiging van Jesus was kunstig uitgebeeld. Oor die "radio" het die omroeper stemmig die vrolike Israeliese musiek onderbreek: "Dit is radio Israel. Shalom..." Berigte uit die destydse kontemporêre hede het werklik. Skuins oor 'n kussing lê 'n glanstydskrif "Die Palestynse Dame" met vuurwarm modenuus, advertensies en die pragtige vervolgerverhaal "Rut en Naomi". Die gereelde T.V.-kykers het lank gepraat oor die sensasionele onderhoud wat met Noag gevoer was.

'n Minimale inskrywingsfooi moes deur die dogters betaal word om ten einde klas- en standerdwenners te bepaal. Die Bybelgenootskap loof ook pryse uit: die skool in Transvaal wat per kind die hoogste bydrae lewer, ontvang 'n luukse kanselbybel (Nuwe Afrikaanse Vertaling of New International Version) as geskenk vir saalgebruik. Die waarde van so 'n Bybel is R300. Aan die seun en dogter aan 'n laer- en hoërskool wat die beste individuele bydrae lewer, 'n luukse sakbybeltjie as geskenk.

'n Aansienlike bedrag is met die eerste projek gein, maar dit het die Affie-dogters net tot meer aangespoor. "Yentl" met haar ywerige begeerte om die Joodse geskifte te bestudeer, tesame met besielende musiek, het almal laat nadink... 'n Pretloop is afgelê, en 'n bedrag daarvan is geskenk vir Bybelverspreiding. (Mary Jones moes ± 40 km stap om haar Bybel te gaan koop.) Ook die onderwyseresse het hul bydrae gelewer. Met genoegdoening het die AHMP gesorg dat Ps. 119:105 "U woord is die lamp wat my die weg wys", vir baie kinders 'n lewenswyse gaan word.



Baie geluk, Helena!

Affie-hordes by Afrikaansweek

Wat het 'n dieretuin, 'n koerant, 'n monument en grappies met mekaar in gemeen?

Die Afrikaansweek. Na 'n onvergeetlike week in Bloemfontein kan ses Affies oor bykans enige aspek van Afrikaans 'n gesprek voer. Die borge, NASOU en die UOVS, het 'n spankewerk georganiseer. Teateruitstapies, lesings deur talle literatoure en skrywers (Xander Strachan van 'n Wêreld sonder grense, om maar een te noem), 'n besoek aan die besienswaardighede van Bloemfontein en luilekker kuiers in die kafeteria meng met 'n duisternis ander herinnerings.

Meisieshoër het weer eens die Afrikaans-Olimpiade gewen, deur die provinsiale wenner (Maria Botha) en 'n provin-

siale naaswenner (Helena Barnard) op te lewer. Aangesien Maria nou maar in st. 9 is, word groot dinge vir volgende jaar verwag. Die ander Affies wat Bloemfontein prakties oorgeneem het, was Ellen Nicol, Landi Pieters, Sonja Cloete, Eti Uys en Thea Landman (met die veelgevoerde ondersteuning van een manlike Affie, Alber Bekker).

Die Afrikaans Departement word bedank vir hul harde en toegewyde werk. Nie net die uitblinders weet hoe die taal werk nie; die deursnee-Affie kan hier 'n liefde en begrip vir hul taal aankweek.



Voor: S van der Merwe, R le Roux, T Blom. Middel: A Viljoen, J Muller, S Kruger. Agter: A Nel, N Boegman, M Botha.

Expo

Aangesien deelname aan Expo in die verlede maar nog altyd flou was, het juffrou Van der Bergh, die Biologie-onnie, 'n plan bedink. Die st 9-Biologieleerlinge moes 'n taak inhandig wat vir punte sou tel en die taak moes dan ook aan Expo-standaard voldoen.

Die hele skool kon toe op 'n dag die st 9's se handewerk gaan besigtig en groot was die verbasing oor al die interessantede. Daar was alles vanaf visse tot by 'n speletjie van die spysverteringskanaal.

Op Saterdag 15 September het die eerste rondte van Expo plaasgevind en 32 Affies het deelgeneem. ('n Rekord-

getal!) Die take was van hoogstaande gehalte en dit was meer prakties as teoreties georiënteerd.

9 Affies het deurgedring tot die finale fondte naamlik Surita Kruger, Maria Botha, Nicolette Boegman, Ané Nel, Annelie Viljoen, Tienkie Blom, Jeanine Muller, Renante le Roux en Sylvia van der Merwe. Surita Kruger met haar taak oor bloed en bloedgroepe en Maria Botha met monosigotiese tweeling, het albei bronsmedaljes verower.

Baie geluk aan almal wat deelgeneem het en baie dankie aan juffrou Van der Bergh vir haar inisiatief.

Brenda Maree

Geskiedenis Olimpiade

Die Akademie vir Wetenskap en Kuns het hierdie jaar vir die eerste keer 'n Geskiedenis Olimpiade ingestel. Die doel met die Olimpiade was om die kennis van Suid-Afrikaanse Geskiedenis uit te brei en om Geskiedenis as vak te neem.

Daar het 3 600 leerlinge van dwarsoor die land aan hierdie rondte van die Olimpiade deelgeneem en daar was 88 inskrywings van Meisieshoër.

Helena Barnard was een van die 50 leerlinge

wat deurgedring het tot die 2de rondte en sy het dan ook as algehele wenner uit die stryd getree. Sy het 'n egte goue medalje ontvang en ook 'n boekprys.

Stroom-Op hoop dat sy 'n voorbeeld sal stel aan al die ander Affie-Geskiedenis leerlinge om ook volgende jaar deel te neem en hulle kennis aangaande hul land se Geskiedenis te verbreed.

ONTHOU: Geskiedenis dra by tot die verryking van elke mens.

Brenda Maree

Beste Suid-Afrikaanse Sanger

T le Roux

In Affiegeledere het daar nou ook 'n nuwe treffer tevoorskyn getree — mnr Deon du Plessis, biologie-onderwyser, koorfrigter en beste Suid-Afrikaanse sanger.

Mnr Du Plessis het op die pas afgelope 1987 Eisteddfodd — 'n internasionale kompetisie — te Randburg met die louere weggestap as die bekroonde beste Suid-Afrikaanse sanger. In die Sanger van die Jaar afdeling vir die bas/bariton stem, kwalifiseer hy met

'n gemiddeld van 81% en ontvang die Eisteddfodd-trofee.

Hy kwalifiseer dus om verder deel te neem en word dan in die strawwe internasionale kompetisie as die beste Suid-Afrikaanse sanger aangewys. Hy ontvang die Peter Grabe-beurs van R3 000 om gedurende 1988 in 'n internasionale kompetisie oorsee te gaan deelneem.

Die Affies is trots op hom en sien saam met hom uit na verdere oortreffings.

Kunswedstryd



Voor: Susan en Rachel Kruger. Agter: Sally Myburgh, Renske Jacobs.

Voordrag: Sally Myburgh:	A+ en medalje 2 A
Sang: Juanita Poolman:	A+ en medalje
Belinda Bates:	B+
Sharon van Staden:	A
Liezl Bester:	B+
Estelle Bester:	A
Nolene Erasmus:	B+
Linda de Beer:	C
Charlene van der Merwe:	C
Drama: Renske Jacobs	A++
Klavier: Kato Odendaal:	2A+ en medalje
Susan Kruger	B+
Rachel Kruger	B+
Ulrike Schoeman:	2A
Hilde-Mari Lampbrecht:	A-
Ane-Mari Kieser:	2B+
Jeannine Muller	B
	C+
	4A
	RR

Hoof se boodskap

mnr T L P Kruger

Dit is vir my aangenaam om aan 'n einde van nog 'n termyn aan elke Affie 'n opregte woord van dank te rig.

Wanneer 'n mens terugkyk, is dit met trots dat daar verwys kan word na 'n groot verskeidenheid van deelname van leerlinge, ouers en personeel.

Die geleentheid wat daar aangebied is, is aangegryp en groot projekte is afgehandel.

Dankie vir elke ouer se belangstelling en veral u bydrae tot ons kermis wat meegebring het dat ons van die terreinprojekte wat vir 1988 beplan was, alreeds in 1987 kon afhandel.

Die Vennootskapsgedagte was beslis nie net 'n teoretiese begrip nie, maar is by Affies in die praktyk uitgevoer.

'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar word u elkeen toegebid.

Affies wys hul leiers aan

Vir menige st. 9 dogter was Woensdag 30 September een van die spannendste dae in haar lewe. Die nuwe profekte van 1988 is aangekondig.

Nadat die Affie-meisies reeds 'n saalperiode van veertig minute moes verduur, deel juf. Venter hulle die nuus mee. In elke genomineerde se hart het daar 'n knop van spanning getrek en 'n vlammetjie van hoop geflikker. Soos nou al reeds tradisie, is die koshuis-prefekte eerste aangekondig en daarna die skoolprefekte. 'n Luide handeklap het elke nuwe leier verwelkom en haar hart met dankbaarheid gevul. Alhoewel hulle hare nie geskeer word nie, was die stralende gesiggies 'n duidelike kenmerk wie die gelukkiges is.

Stroom-op wens aanstaande jaar se prefekte geluk en hoop dat 1988 vir hulle 'n jaar van uitdagings, oortreffings en vreugde sal wees. Die staande applous van die st. 9's was 'n weerspieëling van die vertroue in hulle gestel.

Hoofmeisie:	Ellen Nicol
Onderhoofmeisies:	Lizelle Basson Maria Botha
Prefekte:	Liz Potgieter Karin Schoeman Henriette Smit Sunél Smith Karin Stapelberg Rujanne Swanepoel Lizelle van Huyssteen Rheta van Schalkwyk Sharon van Staden Mari van Wyk Annelie Viljoen

Koshuis

Hoofmeisie:	Betsie Botes
Onderhoofmeisies:	Marianne de Beer Marilize Oosthuizen
Prefekte (St 10):	Anne Botha Elzanah Conradie Carina Kaiser Chrisna Joubert Hanneli Slabber Kariena van der Walt Ilze Steenekamp Marelise Jacobs Caren Visagie Annerie Bezuidenhout Marvke van Eeden
Prefekte (St 9):	

REDAKSIE '88

Redakteur

Jan-Albert van den Berg
Sub-Redakteur
Jaco Steenkamp
Algemeen
James Cross
Anton Beukes
Gerrit Brand
Sport
Louis Koen
Chris Steyn
Kultuur
Fanie Naudé
Luan Kloppers
Louis Herman
Foto's
Rian de Bruyn
Hans Gildenhuys

Redaktrise

Ellen Nicol
Sub-redaktrise
Brenda Maree
Kultuur
Sally Myburgh
Anél van der Westhuizen
Suné Smith
Sport
Tienkie Blom
Lianna Loubser
Anneri Bezuidenhout
Rubriek
Karen Visagie
Liezl Squire
Liezl Pieters
Foto's
Liezl Pieters
Reklame
Lia Chrissopolous

REDAKSIONEEL

In elke mens se lewe moet daar iets edel, iets kosbaar, iets spesiaal wees. Vir die meisies van die Afrikaanse Hoër Meisieskool is só 'n juweel die jaarlikse kerkafsluiting.

Mev Krüger merk te reg op dat hierdie, van alle geleenthede, dié geleentheid is wat die grootste gevoel van samehorigheid onder die

meisies bewerkstellig. Al die oefeninge in die klas en in die warm saal is uiteindelik alles die moeite werd. 'n Mens kan nie help om keer op keer verbyster te staan voor die klank van 900 individuele stemme wat saamvloei tot 'n harmonieuse "engelkoor" nie.

Min dinge in die lewe gee soveel bevrediging as om iemand in die ge-

hoor 'n traan te sien wegpink en te besef dat jy aandeel het in hierdie kosbare gebeurtenis. Geniet elkeen van die vier kerkafsluitings waaraan jy mag deelneem, hulle is besonder. En wanneer dit tyd geword het dat jy vir die laaste keer die skoolied van die galery af kan sing — bêre elke kerkafsluiting in jou hart om later uit te haal en te herleef.



“Triomf deur dik en dun”

Wyle dr Hendrik Verwoerd het eenmaal gesê: “Uit elke krisis ontstaan 'n nog groter triomf”. Hierdie woorde het vir elke Affie gedurende die “wenjaar” van 1987 waar geword. Nie dat Affies verloor het nie. Nee, intendeel, hulle het met die spreekwoordelike “vlieënde vaandels” in hulle doel geslaag om naamlik “te streef om ten volle Affie te wees”.

Oorwinning en nederlaag

In die jaar 1987 het die Afrikaanse Hoër Seunskool oorwinning maar ook nederlaag ervaar, maar tog kan daar gesê word dat Affies sy onmiskenbare karakter van die edele oorwinnaar altyd behou het.

Oorwinning bring vreugde en dit was, danksy genade van Bo, volop! Orals is Affies se naam uitgedra met 'n sportspan wat nie sy gelyke het nie,

'n rugbyspan wat die ander stukkend speel, 'n atleet wat stof in die ander se oë skop, 'n redeenaar met 'n deurdagte standpunt, maar ook die Affie wat dalk net 'n papier op die skoolgrond optel.

Affies was in alle opsigte oorwinnaars. Tog sal daar altyd dié wees wat probeer vinger wys. Daar moet toegegee word dat dit nie altyd so vooerspoedig gegaan het nie. Die brakkol van 'n laaste plek of nederlaag sal daar altyd wees. Tog moet daar sonder enige verwyl onomwonde verklaar word dat oorwinning altyd bo gestaan het en nog sal staan want al verloor ons, toon ons nog altyd deur ons optrede dat ons oorwinnaars is met die hand na Bo?

Altyd Bo

Affies het hierdie jaar saam met die Personeel, ons ouers, onself, maar

ook hulp van Bo 'n suksesvolle jaar gemaak. Van die atletiek, tot die rugby, tot al die kultuuraktiwiteite, tot die akademie in die klaskamer, tot die klinkende kermis en kruiswaaresies het alles glad en goed verloop?

Ter afsluiting kan gesê word dat dit weer eens 'n glorieryke jaar in die lewe van Affies was. Al was daar nie 'n klomp bekens nie, besef ons dat ons nog steeds bo is en bo sal bly.

Afsluiting

Ons het 'n stewige fondament vir die komende jaar. Ons gaan met verwagting 1988 tegemoet onder die vaste wete en vertrouwe dit sal goed gaan.

Met die woorde van Romeine 8:28 gaan ons die toekoms tegemoet: “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is”.

OUD-AFFIE VAN DIE TERMYN

Willem Jordaan du Plessis

Mnr Willem Jordaan du Plessis is op 6 Oktober 1940 op Benoni gebore. Hy is die derde van vier seuns van Paulus Johannes du Plessis en Roelofje de Loor. Sy vader was een van die eerste 44 Affie leerlinge in 1920 en sy moeder het in die huidige Affies-skoolgebou skoolgegaan toe dit nog die Hogere Oost Eind Skool was. Al vier seuns, asook alle kleinseuns, was of is Affies.

Mnr Du Plessis begin sy laerskoolloopbaan aan die Laerskool Pretoria-Oos en matriculeer in 1957 aan Affies met drie onderskeidings waar hy prefek was en hy verwerf erekleure vir swem en waterpolo.

Hy verwerf BA(Regte) in 1960 en LL B in 1962 aan die Universiteit van Pretoria asook die H Dip Tax Law aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1977. Die groot take as voorsitter van die Jookomitee asook van Dagstudentehuis aan UP en Sekretaris van UP Rugbyklub het op sy skouers gerus.

Mnr Du Plessis doen sy leerklerskap as prokureur by 'n bekende Pretoriaanse prokureursfirma en word in 1964 toegelaat as Prokureur, Notaris en Aktevervaardiger en is tans die senior vennoot van dieselfde prokureursfirma.

Hy is ook voorsitter van die Pretoriaanse Prokureursvereniging en lid van die Raad van die Prokureursorde van Transvaal; onder-voorsitter van die Beheerkomitee van die Kleineishof vir Pretoria. Sedert die ontstaan in 1985, lid van die Stil-

standskoördinerende-komitee vir die hantering van die buitelandse skuld van die Republiek van Suid-Afrika.

Reeds vir baie jare eers diaken en daarna ouderling in die Nederduitsch Hervormde Kerk, gemeente Pretoria-Oos. Hy was voorsitter van Constantiëklub asook van die Skoolkomitee van Laerskool Anton van Wouw en is tans voorsitter van TAO by Affies en Sekretaris van die Bestuursraad.

Getroud met Esmé Desiré Muller, wat ook 'n toegelate prokureur en patentagent is en tans 'n professor in Handelsreg aan die Universiteit van Suid-Afrika is. Hulle het drie seuns, Wildu (17 jaar, tans in matiek op Affies), Gerard (15 jaar, tans in st 8 op Affies) en André (11 jaar, tans in st 3 op Laerskool Anton van Wouw, maar oor twee jaar ook 'n Affie).

Die Affies het dié Du Plessis-egpaar leer ken as toegewyde, hardwerkende ouers wat beide oor uitstekende organisatoriese talent beskik en te alle tye hul alles, sonder voorbehoud, aan Affies gee. Hul navolgenswaardige voorbeeld word waardeur.



Boodskap aan die leerlinge

In die alledaagse omgang word Affies met reg beskou as 'n skool met sterk tradisies en as sodanig word die skool nie net geloof nie maar ook deur sommige veroordeel. Diegene wat die skool vanweë sy tradisies traisies alles behels. Diegene wat die skool veroordeel, is heel dikwels onkundig aangaande die tradisies van die skool.

Onthou altyd dat die tradisies van die skool nie net bestaan uit die jaarlikse Magnoliaduitstap, die jaarlikse Affies-Boys High rugbywedstryd, die alombekende handeklap, die gooi van tasse op 'n hoog en soortgelyke gebruike nie. Die nog sterker tradisies van die skool, is die van verantwoordelike, eerlike, netheid, hoflike, goeie maniere, sportmanskap en veral getrouheid aan jou Skepper, jou familie, jou land, jou volk, jou taal, jou vriende en jou skool.

Dit is dan ook vanweë hierdie tradisies dat die gemeenskap in die algemeen, en ouers en oud-Affies in die besonder, soveel meer verwag van en soveel hoër eise stel aan die skool, sy personeel en sy leerlinge. Ek weet egter ook dat die huidige Affies dieselfde verwagtings koester en dieselfde hoër eise aan hulself stel en dat hulle die karakter en vermoë besit om aan hierdie verwagtings en eise te voldoen deur te volhard in hierdie Affietradisies. Juis daarom het die skool nie net 'n trotse verleden en 'n hede wat as voorbeeld voorgehou word nie, maar ook 'n mooi toekoms. Laat daar lig wees!

Ma, ek kan nie help nie, dis eksamen!

Vir die normale Affie is eksamentyd 'n fees! Dit is die tyd wanneer jy jou kamer aan die kant maak ('n mens kan tog nie in 'n deurmekeer kamer leer nie).

Dit is ook die tyd waarin jy 'n rooster opstel en dit verander en weer eens verander... Eksamentyd kry 'n mens ook nie huiswerk nie — dan het 'n mens mos baie baie tyd vir jouself.

Toetse

Maar, en daar moet altyd 'n maar wees, daar is, ongelukkig, onderwysers wat hierdie heerlike tyd bederf. Ek moet sê, hulle doen dit baie goed. Weke voor die eksamen word al die werk hersien.

In hierdie proses word huiswerk in tonnamaat uitgedeel, daar word ook “vriendelik” vuur onder

jou gemaak om jou aan te moedig, toetse word geskryf en daar word gereeld op jou geskreë sodat jou ore na die eksamen nog steeds tuit. 'n Mens moet kwansuis bekommerd raak.

Werk

Daar word beweer dat 'n mens nie in die eksamen hoef te leer nie, veral as 'n mens voor die eksamen jou werk doen. Ek weet egter nie van 'n enkele mens wat só werk nie.

Daarom raai ek elkeen aan om te werk, in die besonder die matrieks wat dit vir die voorlaaste keer doen.

Sterkte!

Luister fluister die wind deur die bome, daar is 'n eksamen aan't kome!!

Uit die Woord

Ds Jan van den Berg

Dit is nie grootpraat nie!

“Ek het meer insig as ouer mense, want ek gehoorsaam u bevele” (Ps 119:100).

'n Mens sou maklik die digter van hierdie psalm kon verwyte dat hy verwaand, 'n grootprater is! Lees maar weer hoe hy sê dat hy uitmunt bo al sy leermeesters (vers 99) en dat hy meer verstand of insig het as ouer mense!

Tog praat hy nie groot nie, nee! Hy is nie verwaand of voor op die wa nie. Hy bely 'n groot en belangrike lewenswaarheid. Insig en wysheid is iets wat saam met die ervaring kom. Die jare gee dit vir 'n mens en daarom is dit altyd gekoppel aan die grysaard se lewe.

Maar die Bybel leer ook dat insig, verstand en wysheid deur die Here aan 'n mens gegee word selfs as jy nog jonk is — soos aan Salomo. Wie aan die Woord van die Here 'n plek gee in sy lewe, kry die wysheid van die Woord. So 'n mens kry insig of hy nou jonk of oud is. Vir so 'n mens kry sy studie, sy beroep dieper betekenis. Al die kennis wat hy opdoen, dier nie alleen sy verstand binne nie, maar raak ook sy hart. Sy gehoorsaamheid aan die Bybel maak van hom 'n afgeronde mens, 'n mooi mens — 'n mens met begrip en liefde vir sy medemens!

En dit het in die lewe van die Psalmdigter gebeur. Hy het die Here gediene, die Here se Woord is die lig op sy pad (vers 105), hy het dit lief (vers 97), dit bly by hom (vers 98), hy gehoorsaam dit (vers 100-101), dit bring vreugde in sy lewe (vers 111). Dit is die geheim van sy lewe — die geheim van elkeen wat waarlik gelukkig is! Wie die Woord — Jesus Christus liefhet, praat nie groot nie. Hy bely en getuig net, soos die Psalmdigter.

Is dit ook jou belydenis — jou getuienis?

Affies gee terug

F Naude

Tydens die hoofprysuitdelingsfunksie op Donderdagaand, 22 Oktober, te A H S is daar aan al die Affies wat gedurende die afgelope ja(ar)e baie vir hul skool en hulself beteken het, iets teruggegee.

Akademie-, sport-, kulturele- en ander prestasies is op waarderende wyse bekroon en die aard van toekennings het gewissel vanaf erkenning vir Springbokkleure wat verwerf is tot 12-jaar skoolbywoningstifikate. Ook die trofee en beurs vir die verdienstelikste aspirant-mediese student, Christoffel Bleeker.

Van die belangrikste toekennings was die volgende:

Dux-leerlinge: Standaard 6 — Jakkies Engelbrecht, Standaard 7 — Louis Botha, Standaard 8 — Christian van der Merwe, Standaard 9 — Fanie Naudé, Standaard 10 — Lajos



Die hoogste prestasie wat 'n Affie kan behaal — volle skoolerekleure. Dié verwerwers was Hanz Pflügel, Kobus Spaarwater, Etienne Eÿgenberger, Alber Bekker en Michael de Jongh.

Vari.

Die Perskortoekening vir Akademie word deur Lajos Vari verower en Michael I de Jongh word met die Leierskap- en Buitemuurse toekening, bekroon.

Alber Bekker verower dan ook die Alsydigheids-trofee.

Etienne Eÿgenberger word as Sportman van die Jaar aangewys. Die puik prestasie om 12 jaar ononderbroke skoolbeoekbywoning te kon vermag, is deur Marthinus C

Coetzer, Henning J A Marais en Johan P Verwey verwerf.

Die funksie het, soos gewoonlik, glad verloop onder die bekwame leiding van die organiseerder, mnr Dirk Taljard en sy bekwame span helpers. Die aand was 'n reuse sukses. Ook die plekbesprekings onder leiding van mev Van der Merwe was, soos altyd, korrek en foutloos.


Dank gaan aan al die ander persone wat by die organisasie betrokke was.

Besondere prestasie vir AFFIES

T le Roux

Luan Kloppers het 'n baie mooi prestasie behaal deur die ATK B se Noord-Transvaal-redenaarskompetisie te wen. Dit is die eerste maal dat 'n leerling van Affies die gesogte trofee wen.

Ook in Affies het hy goed presteer. Aan die begin van die jaar het hy die Prestige-redenaars-toekening verower en onlangs onderskeidelik die Afrikaanse en Engelse senior intern kompetisies gewen.



Luan Kloppers — puik redenaar van Affies.

Die kuns van redevoering

Cicero het gesê: "Daar is twee kunste wat mens tot die hoogste posisie kan verhef: die een is dié van die groot soldaat, die ander dié van die begaafde orator! Deur eersgamelde word die glorie van vrede bewaar, deur laasgenoemde word die gevare van oorlog verdryf."

Vir elke persoon wat 'n toespraak moet maak, of dit die eenkeer in sy lewe is of 'n paar keer per week — bly dit 'n geleentheid waarin hy in die bevoorregte posisie is om sy gedagtes, sy kennis, sy

siening van 'n saak aan andere oor te dra. Die redenaar kan mense beïnvloed.

Die kuns van openbare redevoering kan in vier stappe verdeel word te wete: die insameling van gewens, die samestelling van die rede of toespraak, die voorbereiding en die lewering van die rede.

Die Romeine het hierdie kuns, een van die oudstes, so opgesom: "Cor ad vor loquitur". Dit beteken: Die een hart spreek tot die ander.

Stroom-op leer

Vrydag 7 Augustus het al die lede van die nuwe Stroom-op redaksie 'n lesing te Seunshoër bygewoon. Mej Drise Odenaal, die redaktrise van "Die Perdeby", Tukkie se weeklikse koerant, het aan hulle inligting en raad verskaf oor die aanpak en skryf van artikels. Die "moets" en "moenies" is ook duidelik uitgelig. Mnr. Coetzer, die drukker van

Stroom-op, het daarna 'n verduideliking oor die uitleg van die koerant gegee, wat nuwe lig op sake gewerp het. Die redaksielede het die lesing baie leersaam gevind en sal poog om alle raad ter harte te neem ten einde Stroom-op nog beter daar te laat uitsien.

Sunél Smith

Truk, hier kom ons!

Wie het gesê ons is net 'n akademies gerigte skool? Op 17 Augustus het die A.T.K.V.-toneelkompetisie in die skoolsaal plaasgevind en hierdie jaar het 'n rekordgetal Affies deelgeneem.

Twee tonele, "Liewe Kersema" en "Die Toekoms", is ingeskryf en het te staan gekom teen "Die Pakkie" van Waterkloof en "Sand" van Seunshoër. In Kersema het jufrou Van Wyk daarin geslaag om die spanningslyn puik uit te bou en enigiemand met 'n gevoel vir kuns kon hulself met die hartseer en pyn van die karakters



vereenselwig. "Die Toekoms" was 'n perd van 'n ander kleur. Dit was seker die eerste keer in die roemryke Affie-geskiedenis dat daar 'n toneel met soveel geesdrif aangepak is. Aangewakker deur jufrou Potgieter, is stemme tot die uiterstes beproef en het verborge talent na vore gekom en letterlik en figuurlike nuwe hoogtes bereik.

Aan almal wat deel gehad het om die projek 'n reuse sukses te maak, baie geluk — dit was "bie-sonders".

Liezel Pieters

"Keep us all!"

AHMS se bydraes tot vanjaar se Boomplantdag het gewissel van 'n wildepruim- en 'n koraalboom tot 'n Van Wykshout. Elke standerd het 'n ander spesie geplant.

Die st. 10-groep se bydrae was dan ook die aanplant van 'n kiepersol. Daar word gesê dat die Kiepersolboom sy naam te danke het aan 'n gebeurtenis tydens die

Anglo-Boereoorlog.

Die Boeremagte het die Engelse teen 'n kopie uitgejaag, Die Engelse, ongeveer twaalf man sterk, kon nie voor bly nie en die afstand tussen die twee groepe het stadig maar seker gekrimp. Uit desperaatheid het die Engelse soldate in die naaste boom begin klim. Van hulle skree toe: "Hope this tree will keep us all". Tipies van ons Boerevolk,

het dié boom met sy sambreelvormige blaartrosse toe die "Kiepersol" gekry.

By AHMS is dit ook die plig van elke standerdgroep om na hul boom om te sien totdat hulle die dag finaal die blou hekke agter hulle toemaak.

Alhoewel die weer nie in alle opsigte saamgespeel het nie, het almal dit geniet om deel te kon hê aan Boomplantdag 1987.



Die Standaard 10's lewer hul bydrae tot boomplantdag.



GOLDEN EAGLE SPUR

Cnr/H/v Jorrissen & Johnson Streets/-strate
Sunnyside
Tel. 44-3609



V A R K R I B B E T J I E

**EAT AS MUCH AS YOU CAN —
& SALADS & ROLLS & SPUR BREAD
& CHIPS & ONIONS**

**ALL FOR
R13,95 EXCL. .**




*Sien u binnekort
Thys, Roger, Ben, Gert, Nigel*





Saamgesnoer tot 'n groot eenheid

Luan Kloppers en Jan-Albert van den Berg

Om prefek te wees, leier te wees, is om te dien. Maar voordat 'n mens leiding kan neem, moet jy oor die nodige kennis en vertroue beskik.

Aangesien Affies 'n hoë premie op sy prefekskap plaas, het van die onderwysers die geleentheid aangegryp en is die prefekoriënteringskamp op die Skoolplaas aangebied.

Die primêre doel van die kamp was om ons leiers toe te rus vir die groot taak en verantwoordelijkheid wat op hul skouers rus. Om in hierdie doel te slaag is verskeie uiters geslaagde lesings aangebied. Om jou volgelinge te verstaan is om te luister, en so gee die luistervermoë aanleiding tot kommunikasie. Juis hierom was die eerste lesing oor kommunikasie. Die res van die kamp se oriënteringsprogram, het bestaan uit lesings oor leierskap, interia vir kritiek, die BOLB-teorie en

die bespreking van algemene probleme. Die hoogtepunt van die kamp was sekerlik die verkiesing van die hoofleiers vir 1988. Baie geluk aan die nuwe hoofseun, Villiers Terblanché en aan sy twee adjudante, Jan-Albert van den Berg en Luan Kloppers.

Die hele naweek was egter nie net onderrig georiënteerd nie. Reeds die Saterdagoggend het mnr Chris Krüger (hy het die dag boonop verjaar) die prefekte vir 'n môredraffie in die lieflike Oos-Transvaalse natuurskoon geneem. Een van die groot aantrekkingskragte op die plaas, was die swemgat. Selfs mnr P Swanepoel moes 'n onderdompelingsereemonie mee- maak.

Georganiseerde vlugbal het Saterdagmiddag aanleiding gegee tot een van die groot skokke in die skool se geskiedenis — die seuns-kampioenspan het die onnies met twee wedstryde teen een oorrompel. Saterdagoggend het een van die oud-Affiesprekers dit as 'n baie onverantwoordelike daad bestempel.

Saterdagoggend se konsert het verskeie interessante insidente opgelewer. Vir sekere akteurs was die "punch line" te veel om te onthou. Die voor- aanstaande, voortreflike kok, mnr Taljard, het vir die aand se funksie selfs die gewilde "Affie-boys" in Afrikaans vertaal.

Die oud-Affies het die prefekte ook kom toesprek oor leierskap. Uit mnrre Jan Pretorius en Willie du Plessis se praatjies, was dit duidelik dat goeie prefekskap essensieel vir Affies se trotse voortbestaan is.


Die uiters leersame en genotvolle aand is afgesluit met . . . die bussie se band wat gebars het.

Opregte dank aan die hoof, mnr Kruger, die prefekvoog, mnr Swanepoel (die krag agter die kamp) en mnrre Keyter, Van Rooyen, Deysel, Myburgh, Krüger en Taljard.

Affies se '88 prefekte is vol moed, vertroue en ywer om heel jaar, dié jaar te maak.

Hul sal lei deur diensbaarheid. -

AHM-Koor besoek Bloemfontein



Sit-sit sol!

Dit was sewentig baie opgewonde Affies wat Vrydag 21 Augustus op die bus na Bloemfontein geklim het. Weke lank is daar gepraat oor dié naweek en uiteindelik het die groot dag gekom.

Die koor sal niks sê van die lang rit nie, want met die aankoms is dit op die agtergrond geplaas. Die koor het in Oranje Hoër Meisies se koshuise, wat as 'n museum verklaar is, gewoon.

Gelukkig vir die Koor-Affies was 'n besigtigings-toer nie verpligtend nie, en elkeen kon sy eie pad vat.

Bloemfontein is nou wel nie Pretoria nie, maar dit was 'n baie genotvolle dag.

Grey Kollege se koorfees was anders as wat verwag is. Na 'n lekker aand is die koor al singende terug na die koshuise toe. Weer eens is daar tot laat gekuier.

Met die terugrit was dit stil want verlore slaap moes ingehaal word, en glo dit of nie, maar almal was bly om die skoolhekke weer te sien.

Aan almal wat die naweek moontlik gemaak het, juffrou Kruger wat altyd kalm en geduldig was en haar twee lojale ondersteuners, en juffrou Visser vir haar morele ondersteuning, baie dankie, dit was fantasties!



Affies blink uit in blyspel

Kerkplein, 1987 — die jaarlikse Jakarandafees. En die Affies was daar! Nie net as toeskouers nie. Nee, hierdie jaar het Affies verras deur uitmuntende sangers, dansers en toneelspelers op te lewer wat aan die musiekblyspel "Josef en

sy verstommende tegnies-gekleurde droomjas" deelgeneem het.

Die Affies het die kalklig eenvoudig gesteel. Die polisie soek nou nog daarna. Die Affies weier om dit terug te gee. (Die hoof sal eersdaags 'n verklaring oor die aangeleent-

heid aflê). Die blyspel het hoofsaaklik gehandel oor Ruben (gespeel deur Gustav Praekelt) en Simeon (gespeel deur Herman Rooseboom) en hul lewe saam met hul vader Jakob en hulle broers, waaronder Levi, Josef en Benjamin van die belangrikste was.

'n Hele aantal Affiesters het meegedoen aan die dans- en singery om sodoende van die blyspel vir almal 'n onvergeetlike ervaring te maak.

Aan die einde van die toneel het die spelers 'n staande ovasie ontvang. (Daar was nie sittende ovasies beskikbaar nie).

Na die opvoering het almal wat dit meegemaak het, huiswaarts gekeer, soos Trompie en sy vriende: moeg maar gelukkig.

Johan du Toit.

Rekordpoging vir rekordeksamen

Rekordeksamen is nie sommer maar net nóg 'n eksamen nie. Baie geleerdes noem dit die "wakkerskrik-eksamen". Met die aanvang van die rekordeksamen is die einde in sig, maar tog nog só ver. Tussen-in lê 'n brug, gebou deur die woorde van Hitler, Totius, Shakespeare en Abraham Lincoln, wat nog oorgesteek moet word.

Maar hoe voel 'n matriek oor rekordeksamen?

"Aaklig, het jy al ooit van 'n eksamen gehoor wat genotvol was?" Wel, ja — want sommige van die meer positiewes se reaksies was soos volg: " 'n Leersame onder-vinding", "Die maklikste eksamen in my hele skool-loopbaan!" Sommiges het dit selfs soveel geniet dat hulle sonder aarseling gesê het "Sien uit na die eindeksamen!"

Eksamen bly eksamen en gaan altyd gepaard met leer, leer, leer. Daarom seker dat meeste net dankbaar gesug het "dis verby!"

Sally Myburgh

Hule het gedans, geëet, gedans en gesels!

Daar is net een woord om die Matriekafskeid, gehou op Vrydag 25 September, te beskryf — Manjifie!

'n Flukse groep st. 9-dogters het baie suksesvol daarin geslaag om die tyd so 'n rukkie terug te plaas na die jare van "My Fair Lady". Met hul aankoms is elke matriek-dame met 'n pienk angelier en deur twee stralende "Fair Ladies" verwelkom. Die oe's en aa's van die gaste was vir die st. 9's genoeg beloning vir hulle harde werk. Die saal is deur kerslig en wit-rose omtower in 'n roman-

tiese atmosfeer. Nadat die seremoniemeester, mev. Dorey, die hoof en die hoofmeisie aan die woord gestel het, het Sharita die dansbaan op 'n swierige wyse geopen. Daarna is daar geëet, gesels, gedans en gelag tot vroeg die volgende oggend. Toe eers het die gaste drupsgewys die towerland begin verlaat.

Dit was 'n aand dui-send, vir altyd ingegra-veer in die geheue van 1987 se Matrieks.

Sally Myburgh (Matriefafskeid)

Die Franse is jolig!

Op 17 en 18 Augustus het die standerd nege Franseklubde onder leiding van mev. Barkhuizen 'n tikkie Franse kultuur in Affieland gebring. "Café de Paris" was die Franse straatkafé wat bo in die musiekhuis almal se aandag getrek het.

Met rooi en wit gordyntjies en tafeldoekies en Franse musiek is nêr die regte atmosfeer geskep. Franse kelnerinne

het warm sjokolade en croissants met konfyt en kaas aan gedurende pouse belangstellendes bedien. Maandag is toegang aan die standerd ses en sewe Franse-klubde verleen en Dinsdag het die agts en matrieks hul beurt gekry. Dit was so 'n groot sukses dat daar besluit is om die hele daaropvolgende week die kafé geopen te hou, sodat die res van die skool ook 'n pouse daar kon gaan geniet.



Trek in by die kwagga
Maak vol met trots

Affies maak skoonskip in Poësiekompetisie

Donderdagaand 17 September het die finaliste van die Hoofstad-Kultuurraad se poësiekompetisie in die skoolsaal van A.H.M.P. bymekaar gekom sodat die wenner aangekondig kon word.

Vyftien skole in Pretoria het aan die poësiekompetisie deelgeneem en uit al die gedigte is daar tien uit elke kategorie as finaliste aangewys, waarvan vyf gedigte uit Meisieshoër was.

Die finale gedigte is in 'n bundel saamgevat, onder die titel SPORE.

Bouers van Babel

Babel het geval soos 'n druppel kwik wat in duisend blink gedeeltes die mens se tong verskrink

ek leer nog 'n taal, die bek van my toring word nouer, want ek skep in my nog 'n vervloekte bouer.

Desirée Tesner

Musiek

Swem in —
verkwik —
vloei deur —
kalmeer.

Klanke wat pas
is saam gelas
lappieskombers —
verkwikkende vers.

Musikale gang
skep sang
en lied
gebied.

'n Sagte liriek
formeer musiek.

Rachel Kruger

“Hy is altyd by en met my”

Jan-Albert van den Berg


Die kerkafsluiting wat tradisioneel elke jaar in die Nederduits Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos plaasvind, bly vir menige matrikulant, onderwyser en ouer die hoogtepunt van die jaar se afsluitingsfunksie. Met die funksie word daar weer eens beklemtoon dat hy altyd by en met jou is — ook as jy die skool verlaat in jou matriekjaar!?

Die diens is hierdie jaar waargeneem deur ds Beukes, self 'n matrikulant-ouer. Die diens is verder aangevul deur die puik koorsang van die koor van die Afrikaans Hoër Seunskool onder leiding van 'n dinamiese mnr Du Plessis.

Ds Beukes het seun, ouer en onderwyser versterk en verseker van God se almag en voortdurende teenwoordigheid met 'n baie inspirerende boodskap.

'n Boekmerk waarop die boodskap van ds Beukes in breë uitgespel is, plus waarop die name van die matrieks verskyn het, is aan elke matrikulant ouer en onderwyser uitgedeel.

Die Kerkafsluiting '87 sal steeds uitstaan as 'n hoogtepunt van 'n besige



Kobus Spaarwater. — 'n Dankwoord aan Affies.

jaar — in besonder vir die matrieks, ouers en onderwysers.

'n Besige jaar wat haas tot einde gesnel het. Ja, tog kry ons egter die teksters uit die Kerkafsluiting naamlik 2 Korinthiërs 12:8(b) as bemoediging: “My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is”.



Tant An van Tonder

Tant An van Tonder, 'n bekende in Affiegeledere — 'n tante van wie pa weet én dikwels ook oupa!

'n Lewende legende met 'n onuitwisbare geheue waaruit talle staaltjies uit die verlede opgediep word.

Sy kan daarop roem dat sy van die meeste van die land se oud-Affie se top-presteerders ken!

Gemeenskapsdiens deur Junior Stadsraad

Om leiding te gee is om te dien! Met hierdie woorde is die negende amptelike Junior Stadsraad van Pretoria amptelik geopen.

Die Junior Stadsraad is 'n nie-politiese jeugor-

ganisasie met die uitsluitlike doel om gemeenskapsdiens te verrig. In hierdie verband speel die Raad 'n onmisbare rol in die Jeugaktiwiteite van ons mooi stad.

Affies is ook besonder

goed verteenwoordig op die Raad. Weer eens het ons onself bewys en al ons verteenwoordigers is lede van die Vitae-redaksie — die mondstuk van die jeug van Pretoria. Met die hulp van mnr Wassenaar en die samewerking van die verteenwoordigers van die Meisieskool is Vitae besig om 'n grootse blad te word.

Baie geluk aan die sewe Affies wat tot die redaksie van Vitae verkies is. Hulle is: Liezl Squire (AHMP) Liesl Pieters (AHMP) Christiaan van den Merwe (AHS) Heinrich Dannhauer (AHS) Jan-Albert van den Berg (AHS) Jaco Steenkamp — Subredakteur (AHS) en Luan Kloppers — Redakteur (AHS).

Mooi so gedaan OOV!

Gholfdag in 'n rekordbedrag van R12 000,00

Die jaarlikse gholfdag van Afrikaanse Hoër Meisieskool het vanjaar plaasgevind op 24 September by die Pretoria Gholffklub, Pretoria-Wes. Die geleentheid wat vanjaar vir die derde keer deur die Oueronderwyservereniging (OOV) gereël is, het 'n rekordbedrag van R12 000,00 vir die skool ingebring.


Afgesien dat dit deur die moeders gereël is, het vrouens ook met die pryse weggeloopt. Die bekende oud-Springbok atleet en hulpafrigter van Naas en sy manne, Eugene (Bräslar) Short, het die eerste prys gewen, terwyl een van die stander ses leerlinge van AHMP, Tanja van der Spuy, derde geëindig het.

Meer as 'n 140 van die stad, en ook van buite Pretoria, se gholfspelers het deelgeneem. Pryse

was in oorfloed en die dag is afgesluit met 'n geselligheid.

Onder die spelers was die voormalige staatspresident, mnr. Marais Vil-

joen, wat in sy derde toernooi van die skool gespeel het. Hy het sy lyfwag het kragte gemeet met mnr. Jimmy White, 'n bekende in sportkringe en mnr. Golden, 'n leidende figuur in die bestuur van die klub oor baie jare.



Kaptein Schütte vertel vir die Affies meer van dit wat hul veiligheid mag bedreig.

SAP beklemtoon veiligheid

Op 14 Oktober het die Suid-Afrikaanse Polisie 'n veiligheidsbewustheidsoptrede by AHS gehad.

'n Plofstofuitstalling sowel as 'n puik hondevertoning is gehou. Kaptein Schütte van die Veiligheidstak in Pretoria het deur middel van uitstalling die veiligheidsituasie in verband met plofstof verduidelik.

Hy het ook 'n aantal verskillende tipes plofstowwe en apparate vertoon en die gebruik daarvan bespreek. Daar is ook wegsteekplekke van plofstowwe uitgewys en voorsorgmaatreëls van die tipes ontploffings bespreek.

Na die plofstofuitstalling het kaptein Senekal van die Honde-opleidings-eenheid in Pretoria 'n puik hondevertoning gelewer. Die optrede het verskillende toertjies ingesluit waarvan baie, baie gewaagd was.

Hierdie geleentheid was vir elke Affie uiters leersaam en insiggewend, en landsveiligheid sal in die toekoms 'n saak van groter erns wees.

Affies en sokkies is sinoniem

Vrydagaand 21 Augustus het Affies weer een van daardie aande beleef... Seunshoër het 'n sokkiejool gehou.

Stadig maar seker het al die plesiersoekers nadergestaan om die storie te aanskou. Einde ten laaste het die eerste die vloer geopen en toe was daar geen keer nie!

Die groep “Voltage Zoo” het soos gewoonlik net die beste musiek verskaf en eetgoed vir die knaaghase was volop. Oral is positiewe aanmerkings gehoor. Daar kan afgelei word dat 'n sokkiejool by Seunshoër steeds 'n glansryke geleentheid is en bly.

Met sulke leiers is ons geroep om te dien!

Vrydag, 30 Oktober. 'n Dag waarop die Staatspresident Sy Edele mnr P W Botha verskeie oorhandigings aan hooggeplaastes en dapperses van die land gedoen het, was nie net vir diegene 'n besondere dag nie, maar ook vir die hoofseuns en hoofdogters van Pretoria wat die funksie bygewoon het. Daar is verbaas dat leierskap ook beteken om te dien.

Die oorhandigings het in die Geheersaal oftewel die Ou Mutuaal van Unisa plaasgevind. Veertien persone, waarvan vier in postuum, het die Woltemade dekorasie vir dapperheid ontvang waarvan ongeveer 36 persone die Orde van Voortreflike diens ontvang het. Die oorhandigings is deur Sy Edele die Staatspresident, mnr P W Botha, self gedoen. Na die verrigtinge is daar 'n ligte vingerete bedien. Die Weermag-orkeste het die gaste vermaak op pragtige klassieke nommers.

Die Affies teenwoordig was besonder geëerd om dr Van der Horst,

oud-hoofseun van 1937, en een van die ontvangers van die Orde van Voortreflike diens te ontmoet en te gesels oor die wonderlike ervaring van Affiewees.

Ter afsluiting kan gesê word dat dit 'n wonderlike voorreg was om die geleentheid by te woon, op te tree as ambassadeur vir jou skool en in kontak te kom met ons land se leiers. Hierdie ervaring laat dink 'n mens ook oor jou rol as leier en kan daar onomwonde gesê word dat met sulke leiers aan die roer van sake mens geroep voel om te dien! “Ons vir jou Suid-Afrika.”

Affies-Voetslaanklub

Louis Herman

Op 14 September 1987, is Affies se eie voetslaanklub, onder leiding van mnr Wassenaar, gestig. Die klub is gestig, omdat daar 'n groot mate van onkunde ten opsigte van kennis, en bewaring van die natuur by die Affie-leerling bespeur is. Belangstelling en kennis moet ons deur middel van die Stapklub uitbrei. 'n Geleentheid word van 'n stadsjapie gegun om die wildernis werklik te beleef.

Op die beginsel van ontdekking, bewaring en die ontspanningswaarde van die natuur, is hierdie klub vir alle Affies. Wat die vereistes vir lidmaatskap betref, is dit eenvoudig. 'n Basiese kennis ten opsigte van die veld en voetslaanreëls is

tans 'n vereiste.

Daar is geen beperking op ledetal in die vooruitgestel nie. Daar kan egter slegs 'n beperkte aantal leerlinge per staptoer saamgeneem word, om die vertrapping van die veld te voorkom.

In 1988 gaan 'n aansluitingsfooi van R5 gevra word. Daar sal egter na gelang die staptoer vir die kos, brandstof en toegang betaal moet word. NA die openingstoer van 7-9 November sien die program van '88 só daar uit: 4-11 Januarie — Wolkberg Februarie-Maart — Naweekstaptoere April — Wolkberg (seniors) April-Julie — Naweekstaptoere na onder ande-

re die Drakensberge en die Magaliesberge Oktober — Moontlike Wildtuinter vir seniors Desember — 'n Verrassing Julie 1989 — Botswana

Indien personeel beskikbaar is, sal 'n klub vir 1988, by die AHMS gepropageer word, met die oog op 'n nuwe werking (met 'n goeie kontrole)!

Met mnr Edwards as beskermheer van die klub, kan belangstellendes met mnr Wassenaar, Charl du Toit (voorsitter) of Johan Preller (ondervoorsitter), in verbinding tree.

Ons hoop dat Affies se voetslaanklub, 'n groot sukses sal wees.

KENNISGEWING

WENTZEL COETZER DRUKKERS, verhuis op 28 November 1987.

NUWE ADRES:
SOUTTERSTRAAT 178,
PRETORIA-WES

(Dit is bykans regoor die hoofingang tot Pretoria Skouterrein in Soutterstraat).

Ons telefoonnommers bly dieselfde:
323-2787/28-7037



St 9-dirigente — Voor: Petro-Nelize Trichardt, Sharon van Staden, Christa Steyn. Agter: Brenda Maré, Anka du Piesanie, Vicky Muller.

Affies hou sportdag

L Loubser

Op Vrydag 18 September het Affies se sportdag plaasgevind — voorwaar 'n dag waarna oud en jonk uitgesien het.

Alhoewel die weer 'n bietjie trietsig was, het die Affies dit tog na die Seunskool gewaag waar dit op die ou end 'n heerlike sonskyndag uitgedraai het. Elke standerd het in blokke op die pawiljoen gesit waar hulle uit volle bors hulle spanne ondersteun het. Die onderskeie spanne het onder meer meegeeding in: driebeenresies, eier-en-lepel, vlugbal, 80 m, ens. maar dit was die aflos wat die meeste reaksie uitgelok het. Die onderwyseresse se spanne het ons gewys hoe dit gedoen moes word en het vir groot pret gesorg.

Die dag se verrigtinge is afgesluit met 'n prysuitdeling waar elke wenner en sy span 'n prys ontvang het. Die standerd 9's het die prys ontvang as die span met die meeste gees.

Hierdie dag was voorwaar 'n groot sukses aangesien elke Affie deelgeneem het en gesorg het

dat die dag vlot verloop. Hopelik word die dag 'n nuwe tradisie in Affieland.



Adriaan van der Walt in volle vaart!

Affies maak geskiedenis!

Affies maak geskiedenis! Affies se eerste! Affies se eerste geborgde atletiekbyeenkoms — die Studentesport-Aletiekbyeenkoms!

Op 1 Oktober 1987 het AHS, AHMP, Waterkloof, C R Swart en Wonderboom aan Affies se eerste geborgde byeenkoms deelgeneem. Die byeenkoms het op Affies se baan plaasgevind in samewerking met die Meisieskool.

Sesuur die middag het die atletiekbaan begin wemel met atlete. Alhoewel dit 'n voorseisoen byeenkoms was, het atlete steeds presteer en selfs rekords opgestel. Die volgende Affies het hul merk gemaak en rekords opgestel, naamlik Stephan Cornelius (S O/17 — Gewigstoot); Christin van Wyk (D O/17 — 100mH, 300

mH); Sunette Swart (D O/17 — Gewigstoot); Nico du Venage (S O/16 — 200 m); H Venter (D O/14 — 800 m); Christo Potgieter (S O/15 — 200 m; 400 m); H Smith (D O/17 — 100 m) en Kobus Ferreira (S O/16 — 100 m, 200 m).

Die groot oomblik van die byeenkoms was toe die uitsonderlike prestasies van die aand erkenning gekry het. Aan elke uitsonderlike prestasie in die naellope en hekkies, middelfafstande en velditems is medaljes oorhandig. Die beste seun en meisie in elke afdeling, in die junior en senior afdeling, is met só 'n medalje bekroon. Sunette Swart met haar prestasie in die gewigstoot vir M/O 19 en Kobus Ferreira met sy prestasie in die 100 m S O/16 verdien beslis gelukwensinge. Dit was voorwaar 'n puik prestasie.

Namens die atlete en almal wat daar was, moet die volgende mense bedank word: Studentesport (Hatfield Galleries), in samewerking met mnr P Swanepoel wat hierdie byeenkoms vir AHS moontlik gemaak het; mnr D Gordon en P van Zyl vir puik organisasie en reëlings wat die aand so 'n groot sukses gemaak het; mnr en mev T L P Kruger en mej L Venter wat as gasheer en gasvrou opgetree het; die prefekte van 1988 wat hul deelgedoen het met die afhaal van nommers en loting van atlete. Dan laastens maar nie die minste nie, die atlete. As dit nie vir hulle was nie was so 'n aand nie moontlik nie.

Geluk Affies! Dit was 'n puik dag!

Stephan Venter

Lag saam

Bekommerd oor die baie fotokopiering wat deur die Britse Regering se departement van Omgewingsake, gedoen is, het die Minister van Binne-landse Sake die organisasie-en-metode afdeling van dié departement gevra om 'n ondersoek te doen en aanbevelings te maak. Die eerste ding wat hulle gedoen het, was om alle dokumente wat gefotokopieer is op 'n sekere dag te identifiseer en dit dan te fotokopieër.

Times, London

WAT IS: 'n Brilljante geselsel? Iemand wat met jou praat oor jouself. 'n Pessimis? 'n Persoon wat lugkelders bou. Hoogte bo seëspieël? Re- de vir die neerlaag in rugby.

Grappies . . . Grappies . . . Grappaies . . .

PSYCHIATRIST: A person who goes to Sun City to look at the audience. DETOUR: The roughest distance between two points.

CONSCIENCE: An inner voice that warns us somebody is looking. SECRET: Something you tell one person at a time.

Toppunt van stadigheid? 'n Kreupel trapsuutjie met krukke wat agteruit ooploop teen 'n roltrap wat afkom.

What does a twenty pound mouse say? "Here Kitty, Kitty!"

Wat doen 'n mens as weerman Van der Merwe 'n handgranaat na jou gooi? Jy trek die pennetjie uit en gooi terug!

Wat is die toppunt van vlakheid? As jy op die wit streep sit en jou voete hang af.

"Waiter, waiter, there is a fly in my wine!" "Well, sir, you said you wanted something with a little body in it!"

Wat sê die een slak vir die ander slak? Moenie so kruip nie, jy gaan niks kry nie.

Standerd 6-Sêgoed

Marietjie: "Julle bly nou stil! Ons gaan orde-merke kry." Hester: "Nou is ek nie mooi by nie!" Marita: "Mense!" Hanli: "Maar julle verstaan my nie!" Rita: "Ag kom nou julle!" Manjo: "Luister nou vir my!" Marileen: "Mmh . . . seker maar" Amanda: "Ek het die 'most gorgeous' ou ontmoet!"

Standerd 7-Sêgoed

Shelly: "yes man" Madie: "O maar hy is sexy" Cornelia: "Ai tog!" Lynne: "Woopy!" Patricia: "Ag aardetjie tog!"

Standerd 8 — Sêgoed

Riana — "Ek is nie Stephanie nie" Stephanie — "Ek is nie Riana nie" Marié Spoelstra — "Julle weet nie waarvan julle praat nie" Ulrike — "But Ma'am. . . I found it in the dictionary" Soma — "Het jy nie vir my kougom nie?" Esther — "Ha- Ha- Ha- Ha- ens" Pof — "Ek gaan net gou my geld tel" Lusanné — "Wag, vertel my van voor af. . ." Almarie — "Woef, ek sê" Sonja — "Maar juffrou. . . moet dit nie so wees nie?"

St 9-sêgoed

Ellen: "Luister hier julle" Christa: "Baie geluk en baie welkom!" Lizzy: "Ge brother!" Anja: "Ek is al weer so verlief" Sonja: "Ek het al weer 30 000 kilojoule geëet" Patsy: "Blommie!" Nicolette: "Hey, hey, hey Joseph!" Renante: "Radical" Yvette: "Aag goed" Leonie: "Holy macrel" Felicia: "Ag sy's 'n ba-ba man!" Lizel: "Hey babe!" Brenda: "Wag, ek sal jou sê" Janet: "Kooee!" Tienkie: "Maa wat . . . jy-weet!"

Onnie-Sêgoed

Mev. Venter: "Baie dankie, baie geluk!" Mev. Nel: "Daar is niks mooier as 'n Affie met haar kèppie nie!" Mev. Du Plooy: "Is julle by?" Mev. Kruger: "Hy sing al mooi." Mev. Geer: "Ag nee man, jig!" Mev. Vink: "Moenie met my sukkel nie!" Mev. Bosman: "Ne?" Mev. Rautenbach: "Nou bly julle doodstil!" Mev. Owen: "O.K. . . Why?" Mev. Van den Berg: "Ek stuur jou studieklass toe!" Mev. Kuhn: "Ag. . .!" Mev. Jones: "Askies?!" Mev. Van der Hoven: "Come on girls!" Mev. Du Toit: "Dogters!" Mev. Bothma: "Hip!" Mev. Pienaar: "Ja tog!" Mev. Muller: "Sluk wat jy eet!" Mev. Pieterse: "Ek wag. . ."

Beroemde laaste woorde

Gedurende die veldslag van Spotsylvania is die Amerikaanse burgeroorlog het Majoor Generaal John Sedgwick oor die skuilende se ruit uitgekryk. Sy offisiere het vir hom gesê om nie so uit te kyk nie. Sy woorde was: "Nonsense, they couldn't hit an elephant at this dist. . ."

'n Annonieme kuns-kritikus skryf. "Hulle kon

nie die skilder kry nie toe hang hulle maar die skildery op."

Kind wees: Die tyd van jou lewe wat jy snaakse gesigte in die spieël trek. Middeljare: Die tyd van jou lewe wat die spieël jou terugkry.

As iemand vir jou sê: "Dit is 'n goeie vraag," kan jy maar seker wees dat dit baie beter is as die antwoord wat jy gaan kry.

"Dit was lekker!"

Jan-Albert van den Berg

Mnr Edwards, oom Karl-Heinz Venter en 21 seuns — ja, dit was die persone wat die geskiedenis toemaak het en dit boonop baie geniet het.

Op Vrydag, 23 Oktober, is daar met die skool se bussie na Natal vertrek waar Affies as delwers in die geskiedenis al die belangrikste veldslae sou besoek.

Gedurende die vyf dae wat voorlê word in Andrew's Motel tuisgegaan waar werklike goeie diens en verblyf van hoogstaande gehalte ontvang is.

Onder die bekwame leiding van mnr Edwards besoek ons 'n hele aantal veldslagplekke waaronder Talana, Bloedrivier, Elandslaagte, Spioenkop, Isandwana, Rorke's Drif en Amajuba.

Gedurende al die slae leer ons meer omtrent die strydende magte en opset oor hoe die geveg plaasgevind het.

Alles was nie net ern-

stig nie. Nee, dit spreek uit die heterogene samestelling van die groep wat op toer was. So byvoorbeeld doen die Affies ernstige navorsing oor wat gebeur as persone in die alledaagse lewe met 'n videokamera afgeneem word en kom almal tot die baie geniet. Al moes hul sommige gevalle snaakse gedrag geopenbaar word?

Ter afsluiting wil die groep dank betuig aan mnr Edwards vir al sy reëlings en wonderlike leiding; oom Karl-Heinz vir die bestuur van die bussie en alle seun wat dit 'n wonderlike toer meege- maak het. Almal het die baie geniet. Al moes hul soms 'n paar hoë bergies uitklim. Alle eer aan onse hemelse Vader vir 'n wonderlike toer!

Pres Paul Kruger se woorde — hoe anders? "Neem uit die verlede wat mooi is en bou die toekoms daarop" — word weer eens bevestig.

Atletiekdag 'n reuse sukses

Jaco Steenkamp

Op Donderdag 10 September beleef Affies sy eerste amptelike atletiekkampioenskap. Massadeelname in klas- sowel as standerdverband is aangemoedig.

Atletiek


Reeds vroeg in die termyn het uitdunne tydens LO-periodes plaasgevind. Onder mnr Gordon en Van Zyl se toesig is die beste atlete in hul betrokke items gekies en het voorbereiding in alle erns begin. Tydens die byeenkoms het atlete, van standerd ses tot nege, teen ander atlete in hul standerd deelgeneem. Die beste atleet in sy standerd in 'n betrokke item het 'n sertifikaat en 'n klein geskenkie as prys ontvang. In die klaskompetisie het 6C, 7A, 8B and 9A met die louere weggestap terwyl Martin Plews as beste atleet van die dag aangevys is. Die standerd sesse het vir die groot verassing van die dag gesorg deur as wenners van die standerdkompetisie uit die stryd te tree.

Rugby

Na afloop van die atletiekbyeenkoms het die jaarlikse raakrugbywedstryd tussen die onderwysers en matrieks plaasgevind. Na 'n uiters spanningsvolle wedstryd, waarin twee onderwyserspanne te sien was, moes die matriekspan vir die sewende agtereenvolgende jaar die knie buig voor die onderwysers en die skeidsregter.

Bedankings

Stroom-Op wil van hierdie geleentheid gebruik maak om almal te bedank wat tot die sukses van die dag bygedra het. Veral mnr Gordon en Van Zyl moet uitgesonder word vir hul puik organisasie en die geesdrif waarmee hul die projek aangepak het.



Affie-swimmers op pad na nog 'n oorwinning.

Affietennis op die wenpad

Wat 'n blomjaar! Die Affiemeisies het skoon-skip in die provinsie gemaak.

Die 1ste, 2de, 3de en O/15 tennisspanne het beide die dogters- en gemengde liga gewen. Dit voorspel goeie dinge die toekoms.

Wat die senior spanne betref, is die eerste span onoorwonne in Noord-Transvaal. Lucille Weyer (kapteine), Minette Com-

brink, Raleen Theron en Mari van Wyk het die dogtersliga gewen en so deurgedring na die kwart-eindronde van die Administrateursbeker.

Na hul Krugersdorp High oortuigend (5-1) geklop het, moes hulle verlede jaar se wenners, Wesvalia, aandurf.

Hulle verloor in gure weersomstandighede, maar wys weer hul staal in die landswyde Hyperama-ten-

nistoernooi.

Hoewel hul Pretoria se wenners was, moes hul weer eens die knie buig voor Wesvalia. Die naweek in die Protea Gardens Hotel (Johannesburg) was 'n baie aangename ondervinding.

Mag Affies se tennis verder net hoër hoogtes bereik.

Lucille Weyer

Swemseisoen begin

Fanie Naudé

Met die swemseisoen nou weer vol in swang, het die meeste van die Affie-swimmers weer ernstig begin oefen — skielik vir sommige wat steeds in 'n hiberberende toestand vanweë die winter is, maklik vir ander wat deur die koue seisoen hul swemaktiwiteite voortgesit het.

Daar word, soos gebruikelik gedurende die laaste deel van die jaar, op vriendskaplike basis teen die skole uit die Engelse liga, meegeding op Donderdagmiddae. Ten spyte van 'n mate van 'n mate van onfiktheid by die skool se swimmers, waar die swemspan goed en is die uitslae van dié gala's, met geweldige sterk medediging, bevredigend.

Die skoolswembad is, as gevolg van herstelwerk, nog nie beskikbaar nie, maar sodra dié weer bruikbaar is, sal die span as geheel begin oefen onder leiding van die afriqter, mnr James Nel, vir die Interhuisgala vroeg in 1988. Die Inter-

hoerspan — wat onder andere teen die besoekende Grey College sal moet meeding — sal dan verder oefen vir die hoogtepunt van die swemseisoen, naamlik die Interhoër swemgala.

Die AHS-swemspan se kans op oorwinning van die A-liga met dié geleentheid is goed, veral as in gedagte gehou word dat oorwinning hier alreeds sô tradisioneel geword het dat die wissel-trofee nie eens meer saamgeneem word tydens Interhoër nie. Die swimmers is so seker dat dit in ieder geval sal terugkom na waar dit hoort, dat heroorhandiging daarvan nie eers in ag geneem word nie . . .

SKAAK

Met dankbaarheid kan die Skaakklub terugkyk op 'n baie aangename suksesvolle jaar. In die ligawedstryde het die AHS spanne 'n goeie standaard gehandhaaf en daar word gehoop dat 1988 nog meer belofte sal inhou.

Gedurende hierdie termyn het die skaakkampioenskap plaasgevind. Ongeveer 34 spelers het deelgeneem. Johan Ribbens het uit die stryd getree as die kampioen, met Renier de Kock en Heinrich Odendaal onderskeidelik tweede en derde. Gelukwensinge gaan ook aan die ander spelers wat standerdwenners was en ook aan Johan en Renier met hul verkiesing tot die Noord-Transvaalspan.

Op 24 September is daar 'n afsluitings- en prysuitdelingsfunksie ge-

hou. Vooraf is vrugtesap en kaas en ander versnaperinge genuttig. Die ouers was ook teenwoordig en almal kon lekker kuier. Mev Odendaal, Visser en Van der Merwe, drie van die ma's, asook 'n paar ander, het gesorg vir 'n lieflike tafel en heerlike eetgoed.

Daarna is die pryse uitgedeel en is afskeid geneem van 1987 se bestuur, naamlik Heinrich Odendaal, Schalk Visser, Heinrich Scholz en Jaap Muller, asook van Johan Beukes en Jaco Boeije, wat tans ook matriek skryf.

Groot dank kan uitgespreek word teenoor almal wat tot die sukses van hierdie skaakjaar bygedra, en in die besonder aan oom Philo le Roux, wat altyd met raad en daad ondersteun en bygestaan het.

Affie

Presidentsverkeners

Wat 'n uitmuntende prestasie — die hoogste erkenning in die Voortrekkers, die Presidentsverkenningstoekenning word toegeken aan: Wildu du Plessis, Fanie Small en Fritz van Barkenhuizen. Baie hoë waarde word in die Weermag asook deur universiteite aan dié eer, geneg.

Eers word die Hoofleierswageksamen afgelê, veertig hoofleierswage kom uit Affiegeleedere. Slegs Voortrekkers wat tot 75% in dié eksamen behaal, word vir die PV-kamp gekeur.

Op dié toetskamp van drie dae word veral leierskap en gesindheid getoets — 'n strawwe toetsing maar 'n onvergeetlike ervaring. Uit die hele Transvaal het slegs 76 Voortrekkers dié toekenning ontvang, so goed as om 'n onderskeiding in 'n sewende vak te ontvang. Affies is trots op sy drie Presidentsverkeners.

VLOTVAART

Roei . . . en roei . . . en roei . . .

'n Puik atmosfeer, gesellig en pragtige vlotte. Dit was die kenmerk van vanjaar se vlotvaart.

Al die Voortrekkers van kommando's in en om Pretoria het o Vrydagoggend, 19 September, by Bronkhorstbaai van die vlotvaart deelgeneem, omtrent 40 vlotte is ingeskryf.

Vir die oningelgtes: 'n vlotvaart is waar spanne deur die nag in skofte op selfgemaakte vlotte roei.

'n Vlot bestaan uit 8 pale, 6 dromme, 'n vloer en 4 roeispane.

Daar was drie kompetisies: die Snelbou, die siervlot, en die roei self.

Die Affie-kommando, Dirkie Uys, het die snelbou-kompetisie gewen. Hulle het binne drie minute die vlot kant en klaar gebou.

Die aflosspanne op die wal het die nag deurgebring deur vleis te braai en oor- en weer te kuier.

Iemand wat die vlotvaart mis, mis baie!

TENNIS

Mej E Botha

Die tennis het hierdie termyn sy hoogtepunte gehad asook teleurstellings. Die Bo/15-spanne en O/15-spanne het pragtig presteer en baie was wenners van hulle ligawedstryde.

Ongelukkig het die Bo/15 eerstespan in die kwart-eindronde van die Admin-beker teen Northview High van Johannesburg verloor.

In die Hyperamakompetisie het die eerste-span baie goed gevaar en deurgedring tot die halfeindronde om teen die wenners van die kompetisie te verloor. Die AHS seuns speel uitstekende tennis en vir baie getroue ondersteuners is dit altyd 'n genot om hulle te sien speel. Sterkte word hulle toegewens vir volgende jaar!

Sluimerende swemtalent?

Na afloop van die wintersporte waarin etlike spanne baie goed gevaar het, begin die somersport weer.

Die atlete het reeds hard begin oefen en die dogter-swemspan onder leiding van juffrou Bothma, is ook weer lustig aan't oefen. Met die oog op 'n herhaalde oorwinning die komende seisoen, het die huidige span dit goed gedink om nou reeds te begin oefen. Dit is om die klein voorsprong wat dié jaar behaal is met sekerheid te vergroot.

Op Donderdag 8 Oktober het die swemspan deelgeneem aan 'n motiveringsgala by Girls High en het hulle die 4de plek



Mej Bothma en haar swemspan.

behaal was al 'n uitstekende prestasie is tussen al daardie Engelse swemsters.

Stroom-op moedig alle "sluimerende talent" aan

om met geesdrif hierby aan te sluit en die opeenvolgende swemoorwinninge, die afgelopen vyf jaar behaal, vir ewig tradisie te maak!

Affies loop vir die pret!

Op Vrydag 14 Augustus het die Affiemeisies met groot entoesiasme die 1 km-roete van die pretloop aangedurf. Durf was nodig — daar moes vir twee ure geloop word! Met behulp van borglyste, gevul met belofte vir baie geld, is daar genoeg geld ingesamel sodat die atlete en sportspanne Bloemfontein toe kon gaan.

Ten spyte van die baie "loop", het die pret

nie agterweë gebly nie. "Die Hoof en Seun" was 'n merkwaardige aansporing tot meer draf en net so was die "toeskouers" by verskeie "ruspunte" ook baie bemoeidigend. Dié massadeelname van Affies se leerlinge sowel as onderwyseresse het grootliks bygedra tot 'n beter gees en 'n sterker samehorigheidsgevoel. Dit sal in die toekoms moet herhaal word.

Rekenaarklub

Die Rekenaarklub het nog 'n mylpaal behaal, deurdat daar gedurende hierdie termyn 'n nuwe rekenaar aangekoop is — Affies is dankbaar vir ouers wat ruim bygedra het om hierdie aankope moontlik te maak.

Daar is op die agtiende Augustus 'n uitstappie na Infoplan onderneem en is die lede op heerlike verversings onthaal, waarna daar in groepe verdeel is en na die verskeie vertakings van die rekenaarsentrum beweeg is. Dit was 'n interessante en leersame geleentheid.

Die klub beoog om volgende jaar baie aktief te wees en wil graag meer senior lede nooi om in 1988 aan te sluit.

Roché van Rensburg en Chris Steyn is onderskeidelik as voorsitter en onder-voorsitter verkies. Hartlike gelukwense aan hulle en sterkte vir 1988.

AFFIES vs MENLOPARK in MINI-HOKKIE

Anneri Bezuidenhout

Saterdag, 29 Augustus, se mini-hokkie teen Menlopark was 'n belewenis. Agt junior- en seniorhokkie-spanne van AHMP het van vroeg af geswoeg en hard gespeel tot die bitter einde, maar moes ongelukkig die knie buig voor Menlopark.

Die atmosfeer was gemoedelik — wonder bo wonder! Met die hulp van twee Noord-Transvaalspelers is die skoliere onder-ving in die kuns van profes-

sionele spel.

Met hierdie hoogtepunt is die hokkie seisoen afgesluit. Baie dankie aan alle afriqsters vir die wonderlike seisoen!!

Bloemfontein hier kom ons!

Die naweek het op 'n hoë noot begin toe die trein by Pretoria-stasie vertrek en in die proses amper vier mev. Esterhuizen tussen die deure papdruk! Die opgewonde Affies het 'n hele trok vol gesit en Mejj. van der Berg en Vink het hulle hande vol gehad met bewonderaars wat maar nie uit die trok kon bly nie! Op Germiston is 'n koue uurtjie deurgebring (die meeste in die kafee, natuurlik) voor die oorklim op die nagtrein. Holderstebolder het die Affies ses-ses agter kompartementdeure verdwyn.

Aan die halftoe-oë van 'n klomp slaapwandelende Affies Saterdagoggend, was dit duidelik dat daar betreklik min tot niks geslaap is nie!

By Oranje Meisies aangekom, was almal verstom oor die huislike atmosfeer en goed versorgde tuine en klaskamers van die skool. Nadat die meisies getraakteer is op toebroodjies en koffie, het die stryd begin. Alhoewel die tennisbane te nat was vir enige aksie om plaas te vind, het die hokkie- en netbal-Affies deeglik daarvoor opgemaak. Daar het 'n heerlike gees geheers

en almal het (somyds tot in die reën!) hul beste gegee.

Alle honger mae en nuuskieriges is gestil deur onderskeidelik die heerlike middagete by Jooste-koshuis en die besigtigings-toer deur Bloemfontein per bus.

Baie moeg en tevrede ná 'n heerlike dag by Bloemfontein het amper almal baie vas geslaap op die trein. Daar is oorgeklim op Germiston en baie dankbaar om weer by die huis te wees, het al die Affies op Pretoria-stasie afgeklim na 'n baie aangename naweek by Oranje!

SPORTMAN VAN DIE TERMYN:

Heinz Pflügler

Heinz Mattheus Pflügler is op 4 November 1969 in Pretoria gebore.


Laerskoolloopbaan:

Tydens sy laerskoolloopbaan was Heinz 'n leerling van die Laerskool Eben Swemmer. Reeds vroeg het dit geblyk dat daar groot dinge van hom verwag kan word op sportgebied. Hy het vir die skool se eerste span rugby gespeel en ook op die gebied van atletiek uitblink.

Hoërskoolloopbaan:

Heinz kom in 1983 as standerd sessie na Affies. Reeds vanaf standerd agt laat hy homself deeglik geld deur vir die eerste krieketspan gekies te word. Gedurende die daaropvolgende jaar draf hy vir die eerste rugbyspan op die veld. Tydens die 1987-seisoen tree hy op as onder-kaptein en verteenwoordig verder Noord-Transvaal as heelagter. Sy besonderse sportmangees het altyd inspireer en opgeval.

Op die gebied van leierskap het hy ook sy merk gemaak. Gedurende 1987 was hy onderhoofprefek van beide die skool en die koshuis. Hy word dan ook met volle skoolerekleure vereer vir sy veelsydige deelname.



Heinz Pflügler — Sportman van die Termyn.
Toekomsplanne:

Heinz is van plan om sy studies aanstaande jaar aan KOVSIES voort te sit en die graadkursus B MedSci te volg. (Hy hoop om later ook medies te studeer).

Op die vraag wat sy grootste ideaal is, antwoord Heinz dat hy graag eendag vir 'n Springbok rugbyspan sou wou opdraf.


SPORT

Netbal — Affies seëvier

Die O/15 A-netbalspan het vanjaar as die ligawenners uit die stryd getree en aan Affies nog 'n sportbeker besorg.

Die netbalspan het met hartlike ondersteuning en afrigting van mev Hanlie Kotze, alle opponente "die hoofgebied". Hulle het van die begin af reeds met oortuigende punttellings welslae behaal én dit end-uit volgehou.

Stroom-op wens hulle baie geluk en is baie trots op hierdie puik prestasie.



Voor vlnr: M van Eeden, C Louw, E Taljaard.
Ager: P Thompson, R van Vuren, A du Preez, S van Vuren.



Riani Hattingh, ons sportvrou van die termyn, het onlangs op die SA-gimnastiek-kampioenskappe 'n algehele derde plek verower en op die SA Tuimelkampioenskappe 'n algehele tweede plek.

Riani Hattingh tuimel tot bo

Om 'n gimnas — 'n uitblinkergimnas — te wees, verg logies genoeg, baie harde werk, ure se toewyding en groot opofferings. Riani Hattingh, tans in St. 8, voldoen al vanaf vierjarige ouderdom aan hierdie vereistes. Sy het in Junie vanjaar Springbokkeleure verwerf vir tuimelgimnastiek en is weer eens bekroon vir haar volharding en deursettingsvermoë.

Op negejarige ouderdom het Riani vir die eerste maal Noord-Transvaalkleure gekry en slegs

'n paar jaar later verwerf sy ook haar Noord-Transvaalkleure vir akrogimnastiek en tuimelgimnastiek. Haar ouers het haar grotendeels gemotiveer om met gimnastiek te begin en ondersteun haar steeds heelhartig.

Riani se sukses is hoofsaaklik toe te skryf aan haar strawwe oefenprogram, wat haar 6 dae per week besig hou. Sy oefen dan gemiddeld 3-5 ure per dag by haar afrigter, Danie Haasbroek. Hy self is 'n Springboktuimelaar en tans Springbokafriigter.

Buiten Riani se gimnastiek neem sy ook deel aan moderne danse en teken sy graag. Op skool presteer Riani ook goed — hoewel mens jousef afvra waar sy tyd kry vir studeer!

Stroom-op wens Riani dan weer hartlik geluk met haar provinsiale kleure, die jaar verwerf naamlik: Noord-Transvaal, Noord-Sirkel en dan haar Springbokkeleure.

Ons wens haar alle voorspoed en sterkte toe vir haar tuimeltoekoms!

Mnr J H Nel

MUURBAL 1987

Die eerste jaar van die Muurbalklub is op 'n hoë noot afgesluit.

'n Groot interklubkampioenskappe is gehou waaraan 50 spelers deelgeneem het. Die kampioenskappe het oor drie weke gestrek en is op 'n uitklopbasis gespeel.

Carl de Lange verower die trofee as die senior kampioen vir 1987 en H Dannhauser as die junior kampioen vir 1987.

Hierdie spelers verdien groot applous. Die pryse vir die kampioens-

skappe is geborg deur die Allied Bouvereniging en die trofee vir die senior en junior muurbalkampioene is deur die Hatfieldtak van Volkskas geskenk waarvoor daar groot waardering is.

Die jaar is met 'n bring en braai geselligheid afgesluit wat deur almal wat teenwoordig was baie geniet is.

Almal sien uit na 'n groot muurbaljaar in 1988!

KRIEKET

V Terblanche

Die 1987 krieketseisoen is gekenmerk deur goeie krieket wat met tipiese Affie-entoesiasme gespeel is. Almal wat betrokke was, die afrigters, spelers en ouers, het hard gewerk om 'n sukses van Affies se krieket te maak. Die diepte in Affies se krieket blyk dan ook uit die feit dat al die spanne, vanaf O/13 tot by die eerste span gekwalifiseer het vir die kwarteindronde van Noord-Transvaal!

Die eerste span het op hoë noot begin deur Voortrekkerhoogte met 190 lopies te verslaan. Daarna is spel van sodanige gehalte gelewer dat Affies kwalifiseer vir die kwarteindronde. Die kwarteindronde word teen die sterk span van C R Swart gespeel, en Affies toon sy ware kleure om in 'n spannende wedstryd te seëvier. Die halfeindronde word teen die verdedigende kampioene, Menlopark gespeel. Affies speel met absolute toewyding, en die oorweldigende gunsteling. Menlopark, weet dat hulle met die Affies swaarde gekruis het. Ongelukkig verloor Affies die wedstryd met 30 lopies teen 'n beter span.

Die volgende toekennings is tydens die prysuit-

deling aan krieketspelers gemaak:

Kolwer van die jaar: Phil Mostert
Bouler van die jaar: Villiers Terblanche
Veldwerker van die jaar: Charl Malan
Belowendste speler: Phillip Roesch
'n Paar goeie tellings deur Affie kolwers vanjaar:
Villiers Terblanche: 111,77
Phil Mostert: 95,56
Chris Bosch: 71
Chris Broodryk: 54

Ongelukkig verlaat die eerste span afrigter van die laaste twee seisoen die skool einde vanjaar. Mnr Arrie van Deventer kan net bedank word vir die wonderlike taak wat hy verrig het. Sy toewyding, bystand en afrigting word opreg waardeur as 'n afrigter wat altyd in sy spelers geglo het, al het dit soms broekskeur gegaan. Alle sterkte word hom toegewen vir die toekoms — 'n groot verlies vir Affies.

1987 sal onthou word as die jaar waarin Affies se vasberadenheid en deursettingsvermoë van hom die gevreesde gemaak het.

Rugby-uitslae 1987

Die volgende spanne het eerste in die A-area geëindig.

Eerste span — mnr P Edwards.
Tweede span — mnr C Krüger.
Sewende span — mnr E Odendaal.
O/15D — mnr E Prinsloo.
O/15C — mnr P van Zyl.
O/15B — mnr D Gordon.
O/14D — mnr H Klindt.
O/13B — mnr L Myburgh.
O/13A — mnr P van Rooyen.

Die volgende spanne het verder gegaan en ook as Noord-Transvaalwenners uit die stryd getree.

Derde span — mnr P Swanepoel.
O/15A span — mnr A van Deventer.
O/13A span — mnr P van Rooyen.

'n Prestasie wat vermelding verdien, is die

O/13A span:

Wen Tom Naude 22-0.
Wen Hugenote 25-0.
Wen Helpmekaar 46-0.
Wen Tuine Tegnies 48-0.
Wen Gerrit Maritz 62-0.
Wen F H Odendaal 26-3.
Wen Waterkloof 42-0.
Wen Voortrekkerhoogte 98-0.
Wen Menlopark 20-3.
Wen Boys High 36-0.
Wen Pretoria-Noord 34-0. Kwarteind N-Tvl.
Wen Silverton 40-0. Halfeind N-Tvl.
Wen Verwoerdburg 20-0. Finaal N-Tvl.
TOTAAL 518-6.

Hulle druk 110 drieë in 13 wedstryde. Driedrukkers: Barry Mathews — 37, Alec Strydom — 20, Johan Geringer — 18.